

Gereformeerde Kerk Bellville – 25 November 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 21:9 (p. 96)

- 9 Verhef U in u sterkte, HEER, / en laat u groot vermoë / gesien word voor die oë van almal wat U roem en eer! / Ons buig ons voor u mag / en prys u heldekrag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 105:1, 2, 3 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere, en bring sover daar volke is, / sy daed in gedagtenis; en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme; beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte; soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig, die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Gebed

Psalm 29:1, 2 (p. 135)

- 1 Eng'lemagte, loof die HEER, / gee die HERE sterkte en eer!
Al die duisende tesaam – / sing die ere van sy Naam!
Eng'le, trone, heerskappye – / laat dit opklink uit jul rye!
Dien God, groot deur almagsdade, / in die skoonste feesgewade!
- 2 Dis sy stem wat, hooggedug, / rol en ratel deur die lug
as die onweerstorme woed / bo die donker watervloed;
en dit klink met groot vermoë / majesteitlik deur die boë;
alles beef en staan verwonder / as die God der ere donder.

Skriflesing: Psalm 19, 29; Heidelbergse Kategismus, Sondag 47

Kernvers: Psalm 29:1-2

Gee aan die HERE, o hemelinge, gee aan die HERE eer en sterkte! Gee aan die HERE die eer van sy Naam; aanbid die HERE in heilige sieraad!
(Psalm 29:1-2 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 122: Wat is die eerste bede?

Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).

(a) Joh 17:3; Jer 9:24; 31:33, 34; Matt 16:17; Jak 1:5; Ps 119:105. (b) Ps 119:137; Luk 1:46, 47, 68, 69; Rom 11:33. (c) Ps 71:8; 115:1.

Tema: Eer die Here omdat Hy God is!

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, almal van ons het tog seker al 'n visitekaartjie gesien of miskien het jy jou eie visitekaartjie. Op so 'n visitekaartjie is gewoonlik die naam van die persoon met 'n telefoonnommer en e-posadres. Afgesien van die naam en kontakligting is daar ook 'n aanduiding van watter soort werk die persoon doen of watter kwalifikasies die persoon het.

So 'n visitekaartjie is nogal handig. Sê nou jy kry 'n probleem met 'n lekkende waterpyp, dan kan jy die loodgieter wie se kaartjie jy het skakel. Die loodgieter het nie net sy naam en nommer op sy kaartjie laat druk nie, hy het ook laat druk hoe lank hy al 'n loodgieter is.

Waarom gee sakelui graag hulle visitekaartjie aan jou? Hulle wil hulleself aan jou bekendstel en seker maak dat jy sal weet wie om te skakel. Maar omdat hierdie loodgieter wil hê dat jy hom moet uitroep en nie 'n ander loodgieter nie, het hy op sy kaartjie laat druk hoe lank hy al 'n loodgieter is. Hy wil vertrou by sy kliënt inboesem met sy kaartjie. Deur te sê hoe lank hy al 'n loodgieter is, wil hy jou gemoedsrus gee – jy sal nie 'n fout maak om hom uit te roep nie.

Dit is mos eers wanneer jy iemand ken en weet wat hy kan doen dat jy dit kan regkry om hom te vertrou. En dan eers sal jy die vrymoedigheid hê om so iemand te vra om jou te help. Tussen die mens en die Here – van die mens se kant af – werk dit ook so. Omdat die mens weens sy sonde en sondige aard so vervreemd geraak het van die Here, kry geen mens dit reg om die Here eenvoudig net te vertrou nie, want hy ken dan nie die Here nie en hy weet ook nie wat die Here alles kan doen nie.

Broers, susters en kinders, wanneer ons tot die Vader wat in die hemel is bid en vra: **Laat u Naam geheilig word** – vra ons heel eerste: **Gee allereers dat ons U reg ken.** Gelowiges sal die Naam van die Here net kan eer en heilig as hulle weet hoe geëerd en heilig Hy reeds is. God het die hele skepping geskep om Homself te verheerlik. Hy het die mens geskep om Hom met al sy woorde, werke en gedagtes te verheerlik. Die eerste twee mense kon dit volmaak doen. So bely ons dit ook in die eerste vraag en antwoord in Sondag 3: **God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat die mens God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.**

Maar sedert die sondeval het die mens die Here al slegter geken omdat die mens nie iets met die Here te doen wou hê nie. Daarom gebeur dit dat 'n mens vandag nog mense kry wat glad nie die Here ken nie. Die feit dat daar mense is wat nie die Here ken nie, beteken nie dat die Here Homself glad nie bekend gemaak het nie. Om die waarheid te sê, die Here het – om dit so te stel – 'n visitekaartjie vir die mens gegee waarmee Hy Homself aan die mens bekend maak. Die Here vertel aan die mens wie Hy is en wat Hy alles kan doen. Die Here praat met die mens om Homself bekend te stel.

Wanneer Christene hoor dat God met mense praat, dink hulle ongetwyfeld eerste aan die Bybel. Die Bybel is tog die Woord van God wat uit sy mond voortkom. Die Heilige Gees het die mense wat deur God uitverkies is gedryf om die woorde van God neer te skryf. In die Bybel verklaar die Here uitgebreid wie Hy is en wat Hy doen. Met die Bybel stel die Here sy majesteit, en heerlijkheid aan die mens ten toon.

Die Bybel is egter net die een kant van die Here se visitekaartjie. Die Here maak Homself

ook op die ander kant van sy visitekaartjie aan die mens bekend. In Psalm 19 wys die Heilige Gees vir ons al twee kante van die Here se visitekaartjie. Die een kant praat van die Woord van God – dit is die tweede deel van Psalm 19. Die ander kant praat van die skepping waardeur die Here Homself ook aan die mens bekend maak:

Die hemele vertel die eer van God, en die uitpansel verkondig die werk van sy hande. (Psalm 19:2 AFR53)

Oor die skepping as die een kant van die Here se visitekaartjie bely ons: ***(Ons leer God ken) deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God laat sien.*** (Nederlandse Geloofs-belydenis, art. 2)

Om die Here te leer ken, gee Hy aan die mens twee boeke – die skepping en die Bybel – en Hy wil dat ons die twee langs mekaar plaas en al twee lees. Die Bybel lei ons na die skepping, sodat ons die grootheid en almag van die Here daarin kan sien en hoor. En dan lei die Heilige Gees die gelowige terug na die Bybel om agter te kom dat hierdie groot en almagtige God nie net die Skepper en Versorger van die skepping en die mens is nie. Deur Jesus Christus is Hy ook die Verlosser van sy mense en die skepping.

Met dit in gedagte laat ons nou by Psalm 29 kom. As daar een ding is wat in hierdie psalm weerklink, is dit die stem van die Here. Sewe keer sê Dawid vir ons: Luister! Hoor hoe praat die Here. Ons hoor dus nie net die Here stem wanneer ons die Bybel lees nie, maar ook in die natuur hoor ons die stem van die lewende God.

Wanneer ons aan die skoonheid van die natuur dink, word daar in ons gedagtes 'n prentjie opgetower van mooi sonskyndae en voëltjies wat vrolik tjirp in die bome waarvan die blare net so liggies ritsel in die briesie. Maar ons weet dit is nie hoe elke dag lyk nie. Die mooi blou lug kan ook onheilspellend donker word van die wolke en blitse skeur deur die lug met geweldige harde slae. Dan waai die wind vir 'n vale en ontwortel bome en die reën en hael stort in vlae neer.

Dawid het as oppasser van sy pa se vee ook nie net die mooi sonskyndae gesien en in sulke dae die Here se stem in die skepping gehoor nie. Hy het ook die geweldige donderweer gesien en die Here se stem hoor aanrol oor die waters. Hy het gesien hoe 'n weerligstraal die seders op bevel van die Here breek en hoe groot bome met die stem van die Here afgebreek word.

Wanneer die Here se stem oor die aarde weerklink, staan 'n mens weerloos. Ons het dit in die onlangse verlede weer gesien. Wanneer die Here se stem 'n aardbewing of 'n orkaan te voorskyn roep of selfs 'n vuurspuwende berg en veldbrande, dan is die mens magteloos en kan hy maar min doen om homself teen hierdie geweldige kragte te beskerm.

Net soos in die begin spreek God net en dit wat Hy gesê het gebeur. Die Here se stem is kragtig en vol heerlijkheid. Dawid het die stem van die Here helder en duidelik gehoor in die mooi sonskyndae sowel as in daardie dae wat dit lyk asof die aarde se fundamente geskud word deur die stem van die Here. In hierdie dinge het hy gehoor hoe almagtig en heilig die Here is. Ja, dit is ook so dat wanneer die Here se stem so hard oor die aarde heen dreun, word dinge uitmekaar geskeur en lei dit dikwels ook tot die dood van baie mense en diere. Maar in al sy werke laat die Here sy almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid skitter, sodat die mense sal erken dat die Here heilig is en dat hulle Hom sal roem en prys.

Deur sy regering en onderhouding van die hele skepping herinner die Here ons daaraan dat dit Hy is wat die dinge laat gebeur. Dit is nie die groot en sterk nasies wat die pas aangee op die aarde nie. Dit is nie die tegnologie en die mens se vernuf wat sy lewensduur en lewensgehalte kan verseker nie. Dit is die Here wat hierdie dinge doen. Hy is almagtig, goed, regverdig en vol genade. Op Hom kan jy staat maak en op Hom kan jy jou vertrou volkome stel.

En wanneer 'n mens die openbaring van die Here in die skepping en die openbaring in die Bybel langs mekaar plaas, gaan daar 'n wêreld voor 'n mens oop. Hy is in volle beheer van elke natuurkrag waarvoor mense magteloos staan. Deur net te spreek, maak Hy 'n storm op die see stil, genees Hy 'n sieke, wek Hy 'n man op wat al begrawe is. Jesus Christus het vir ons getoon wat gebeur en hoeveel vrede en gemoedsrus mense kan beleef wanneer Hy as Koning heerskappy voer.

Maar die Here wil nie net tydelike verligting van al die siektes en dood bring nie. Hy wil blywende vrede gee en die skepping weer volmaak hê. Daarom het Jesus Christus die onreg en haat en woede van mense teen sy Vader op Hom geneem en daarvoor aan die kruis gesterf. Omdat die Vader tevrede was met die betaling wat sy Seun gemaak het, het Hy Hom uit die dood opgewek. Vir elkeen wat in Jesus Christus glo, kom daar vrede – vrede tussen homself en God, want sy skuld is deur Christus betaal. En hoe langer hoe meer die Heilige Gees sy lewe beheers hoe meer word die gelowige ook 'n draer van die seën en vrede van die Here. En met die wederkoms van Christus sal daar niks meer wees wat hierdie vrede kan bedreig nie. Dan is die vrede vir ewig blywend.

Maar daardie heerlike ewigheid waarin alles en almal volmaak die lof en eer van die Here gaan besing, het nog nie aangebreek nie. Ons lewe nog in 'n onvolmaakte wêreld en selfs gelowiges is nog ver van volmaak. Daarom moet ons nog leer om die Here behoorlik te eer en aanhoudend vra dat die Vader sy Naam sal heilig.

In Psalm 29 kom die Naam van die Here nie minder nie as twintig keer voor en dit is net elf verse. Die psalm is propvol van die Here, want dit gaan oor Hom. Daar is nie plek vir enigiemand anders nie. En dit is ook hoe dit behoort te wees. Alles draai mos om die Here, want Hy alleen is God. Tog hoor 'n mens een keer die stem van mense. Wanneer 'n mens die psalm nie aandagtig lees nie, sal jy dit nie sommer raaksien nie. Kyk daar aan die einde van vers 9:

In sy paleis sê elkeen: Heerlikheid! (Psalm 29:9b AFR53)

Midde-in die aanrollende gedonder, seders wat breek, berge wat skud en woestyne wat bewe – midde-in die drama wat God se stem oor die aarde heen veroorsaak, antwoord sy mense Hom – hulle verheerlik Hom. Dit is presies wat die Here wil hê. Hy maak Homself in sy grootheid, almag, heiligheid, regverdigheid en genade bekend. Die Here sê wie Hy is en wat Hy alles kan doen en daarmee spoor Hy sy mense aan: Roep My aan!

Dit is eintlik verstommend dat die Here se mense net een woord antwoord op die Here se stem wat op so 'n verskeidenheid van maniere tot hulle ore gekom het en nadat die Here so baie gesê het. Die mens is nogal spraaksam wanneer hy aanskouer word van so 'n ge-weldige storm wat bome breek en berge laat skud. Maar die mens wat die Here regtig ken, verneder homself voor die Here. Die Here is groot en almagtig en heilig en alwys en die gelowige is net 'n mens met baie beperkte vermoëns. Hulle kan maar net in aanbidding voor die Here buig en sy Naam heilig deur te sê: Dit is die heerlikheid van ons God.

Mag die Heilige Gees dan elke ware kind van God se oë oopmaak en sy hart so lei dat hy die Here se Naam so loof en prys in al sy werke – wanneer die Here nog 'n verlore mens tot bekering bring, en ook wanneer die Here in sy alwysheid met 'n geweldige aardbewing duisende mense op een slag uit hierdie lewe wegneem. Wat die Here ook al doen, Hy doen dit om Homself te verheerlik. Selfs in die storms van ons lewens maak die Here Homself nog meer aan ons bekend. En selfs in daardie storms bly die Here nog steeds die troue Verbondsgod van sy mense. Hy het belowe dat Hy hulle nie sal verlaat of in die steek laat nie.

Dit is hoe die psalm dan eindig. Te midde van die geweldige storm waarin die Here sy stem laat hoor in hierdie psalm, het Hy nie sy mense vergeet nie.

Die HERE sal sy volk sterkte gee, die HERE sal sy volk seën met vrede.
(Psalm 29:11 AFR53)

Let op, hier word gepraat van die Here se volk. Hulle is sy eiendom. Geliefde broer, suster en kind, as jy dan in jou hart deur die Heilige Gees oortuig is dat Christus jou verlos het, dan is jy ook die eiendom van God. Dan beteken dit dat jy ook die Here se Naam gaan heilig deur Hom te loof en te prys. Dit is waarmee ons besig is in die erediens. Maar dit is nie net hier waar die gelowiges dit doen nie. Daarom vra ons die Here ook in gebed: **(Ons Vader wat in die hemel is) gee dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word.**

As ons dan die Here regtig ken, sal ons in verwondering en aanbidding voor Hom staan. As ons God ken, sal ons weet dat ons eerste doel op aarde is om God te verheerlik. Mag dit daarom vir elkeen van ons 'n dwingende begeerte bly: Hoe kan ek die lewende God met my lewe verheerlik? Hoe kan ek die Here nog meer verheerlik sodat ander mense dit saam met sal doen? Die Here is so groot en so heilig dat daar nooit te veel stemme sal wees wat sy lof kan besing nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 29:4, 5 (p. 136)

- 3 Dis die HEER se stem wat spreek / as die trotse seders breek;
as hul spring soos kalwers op / Libanon se hoë top.
Berge kom saam in beroering: / Sirjon spring van skrikvervoering,
Libanon, met sederbosse, / huppel soos die wilde osse.
- 4 Dis die HEER se stem wat vuur / uit die donderwolke stuur;
bliksempyle skiet Hy neer, / Kades bewe van dié weer.
Bosse word ontbloot, en reë / word oorval deur skrik en weë.
In die tempel van sy ere / sê hul almal: Dis die HERE!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.